Mix Telematics se win meer

deur Hennie Duvenhage

Mix Telematics, ‘n JSE-genoteerde maatskappy wat ses internasionale kantore het en in 135 lande sake doen, het in die boekjaar tot einde Maart groei van 10,2% in sy wesensverdienste per aandeel getoon teenoor die vorige boekjaar.

Die maatskappy verskaf elektronika vir vlootbestuur, soos toestelle vir die opspoor van gesteelde voertuie, die volg van voertuie en veilige en gesonde omgewingsbestuur.

Altesame 41,5% van die maatskappy se inkomste word in buitelandse valuta verdien.

Mnr. Stefan Joselowitz, uitvoerende hoof van Mix Telematics, sê verbeterde resultate is behaal ten spyte van die verstewiging in die waarde van die rand teenoor ander geldeenhede van lande waar die maatskappy sake doen. Hy sê herhalende inkomste het tot R503 miljoen verhoog en behels 56,8% van die totale inkomste.

Dit blyk dat dit nie net die sterker rand is wat die maatskappy se inkomste uit buitelandse bedrywighede nadelig geraak het nie, maar ook die swakker ekonomiese omstandighede in Europa en veral in Brittanje.

Met verwysing na die Wêreldbeker-sokkertoernooi wat ‘n jaar gelede in Suid-Afrika aangebied is, sê Joselowitz dit het nie tot meer verkope van die maatskappy se produkte gelei nie.

Die maatskappy het goed gepresteer in die plaaslike mark veral danksy ‘n kontrak wat met Eskom aangegaan is. Die VSA-kantoor het ook twee groot kontrakte aangegaan wat duisende kliënte betrek.

Hy sê bedrywighede in die Midde-Ooste was bevredigend, maar die politieke onrus in die streek het hulle hoofbrekens besorg en dit bly ‘n bron van kommer.

Die maatskappy het sy ontwikkelingsaanleg by Stellenbosch uitgebrei en dit sal na verwagting -bydra tot die beskikbaarstelling van nuwe produkte, verbeterde innovasie en uiteindelik verhoogde mededinging.